FUNKSIONELE WISKUNDE SG VR 2 NOVEMBER 2006

Die kandidate se werk was netjies en ordelik. Die instruksies is goed geimplimenteer. Daar was egter verskeie kandidate wat meer as die voorgeskrewe aantal afdelings beantwoord het. Afdeling A en B is verpligtend, en is deur al die kandidate beantwoord. Die keuse van twee afdelings uit die oorblywende vier afdelings is nie altyd so goed beantwoord nie. Afrondingsfoute het ook voorgekom.
Kandidate het nie altyd die inligting wat by elke vraag gegee is op die sketse aangebring nie.

AFDELING A: ANALITIESE MEETKUNDE

VRAAG 1 EN 2

Hierdie afdeling is baie goed beantwoord. Kandidate het meestal die regte formules toegepas, korrekte waardes ingestel en by sinvolle antwoorde uitgekom. Sommige kandidate het middelpunte bereken as hulle gradiënte moes uitwerk.
Vraag 2.1.5 Sommige kandidate kon nie aandui dat ewewydige lyne se gradiënte gelyk is nie.
Vraag 2.1.6: Die berekening van die x-afsnit is swak beantwoord.

AFDELING B: TRIGONOMETRIE

VRAAG 3 EN 4

Hierdie afdeling is ook baie goed beantwoord.
'n Algemene fout wat voorgekom het is kandidate wat die sinformule by alle vrae wil gebruik. Kandidate het oor die algemeen meer probleme ondervind by die tweedimensionele probleem (vraag 4 en veral vraag 4.2).

AFDELING C: BOOGMAAT

VRAAG 5 EN 6

Vraag 5 is redelik beantwoord, en vraag 6 is swak beantwoord. Verskeie kandidate het vraag 6 nie eers probeer doen nie, al het hulle die afdeling gekies. Kandidate weet nie hoe om van π radiale na grade om te skakel nie bv $\frac{1}{4}\pi = 45°$. (Vraag 5.2)

AFDELING D: VERHOUDING, EWEREDIGHEID EN GELYKVORMIGHEID

VRAAG 7 EN 8

Hierdie afdeling is oor die algemeen redelik goed beantwoord. Meeste kandidate het probeer om die afdeling te doen Kandidate het nie altyd geweet hoe om verhoudings van sye neer te skryf nie. Sommige kandidate het ook nie geweet hoe om Pythagoras se stelling toe te pas om 'n derde sy van 'n driehoek te bereken nie.

AFDELING E: VERBRUIKERSWISKUNDE

VRAAG 9 EN 10

Hierdie afdeling is oor die algemeen redelik beantwoord. 42% van die kandidate het die afdeling gekies, Vraag 9 is redelik goed beantwoord, alhoewel kandidate by 9.2 nie in ag geneem het dat rente halfjaarliks saamgestel is nie. Vraag 10 is baie swak beantwoord. Kandidate kon nie die paaiement formule korrek toepas nie.

AFDELING F: STATISTIEK

Hierdie afdeling is uiters swak beantwoord. 8% van die kandidate het die afdeling gekies. Hulle het geen kennis van 'n standaardafwyking (vraag 11.6) of kumulatiewe persentasiekurwe (vraag 12.3)